
# Verandering van toestande

## Graad 4: NWT

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Materietoestande

Materie bestaan uit drie vorms naamlik **vaste stowwe**, **vloeistowwe** en **gasse**.






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Woordeskat

**<u>Verandering van toestand:</u>** 'n Stof verander van een materietoestand na 'n ander wanneer dit hitte verloor of bykry, bv. 'n vloeistof word 'n gas as dit genoeg verhit word.

**<u>Smelt:</u>** Wanneer 'n vaste stof hitte bykry sodat dit 'n vloeistof word.

**<u>Verdamp:</u>** Vloeistowwe kan na gasse verander.




**<u>Kondenseer:</u>** Wanneer gasse na vloeistowwe verander.

**<u>Stol:</u>** Wanneer 'n vloeistof hitte verloor sodat dit 'n vaste stof word.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Smelting

Ek het vir ons lekker koue ysies gebring vir ná die wedstryd!



Dit is nie ysies nie? Dit is dan net rooi koeldrank?




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Smelting

Wanneer ‘n **vaste stof verhit** word, kan dit in ‘n **vloeistof** verander.
Vaste stowwe kan **smelt** as dit verhit word.

## Sjokolade







**Vaste stof** **dmv verhitting** **Vloeistof**



**SMELT**

Laer kool Mikro Kopiereg ©

# Verdamping


PASOP! JY GAAN BRAND!



Dit is warm stoom wat daar uitkom!



Ek wou net aan die rokies vat!




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Verdamping

Wanneer ‘n **vloeistof** genoeg **verhit** word, kan dit in ‘n **gas** verander.
Vloeistowwe **verdamp** wanneer dit verhit word.


**Water**








**Vloeistof** **dmv verhitting** **Gas (waterdamp)**



**VERDAMP**


L erskool Mikro Kopiereg ©

# Kondensasie



Wat doen Oupa?





Ek blaas my warm asem teen die koue venster.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Kondensasie

Wanneer ‘n **gas afkoel**, vorm dit weer ‘n **vloeistof**.
Gasse **kondenseer** wanneer dit hitte verloor.

**Waterdamp**







**Gas** **dmv afkoeling** **Vloeistof**

**KONDENSEER**

La rskool Mikro Kopiereg ©

# Stolling

Hoe het jy die dinosaurusse binne in die ysblok gekry?





Ek het dit in 'n bak water gegooi en dit in die vrieskas gesit!



Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# Stolling

As ‘n **vloeistof hitte verloor**, koel dit af en kan dit in ‘n **vaste stof** verander. Vloeistowwe **stol** wanneer dit afgekoel of gevries word.

**Waterdamp**







**Vloeistof** **dmv afkoeling** **Vaste stof**

**STOL**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Stolling

Nie alle stowwe hoef in die yskas of vrieskas geplaas te word om te stol nie.







Botter en margarien is teen kamertemperatuur vaste stowwe.

Laerskool Mikro Kopiereg ©